

KORTINGGEBRUIKERS

Geen ingevoerde produkte of artikels mag van enige geregistreerde vervaardiger of produsente ingevolge korting bekom word, tensy geregistreer by Doeane as kortinggebruiker.

Geregistreerde vervaardigers of produsente moet goedkeuring by Doeane verkry, voordat enige goedere (bv. rou materiaal, komponente of elektriese stroombaanitems) ingevoer mag word ingevolge korting van heffing uiteengesit in Bylaag 3 of 4.

Die aansoeker en die kortingstoor moet in Suid-Afrika geleë wees. Die aansoekvorms moet by die doeane-kantoor, in wie se beheerarea die vervaardigings- of produseringsperseel of fasiliteit geleë is. Die aansoeker moet voldoen aan die voorwaardes uiteengesit in die kortingsitem(s) gelys ten tyde van sy/haar aansoek.

Waar 'n Internasionale Handelsadministrasie Kommissie (ITAC) permit vereis word ingevolge die kortingsitem, kan die aansoeker slegs as 'n kortinggebruiker geregistreer word indien hy/sy die houer van sodanige permit is.

Kortingstore wat in dieselfde gebou of op dieselfde vloer as ander besighede geleë is, moet van mekaar geskei wees.

Grootmaat opgaartenks gebruik, moet gekalibreer wees en Doeane moet dit kan seël, indien en soos nodig.

- [Kortingsitem 470.03 eksterne gids](#) maak voorsiening vir die vertolking en toepassing van kortingsitem 470.03, insluitend die prosessering van aansoeke deur geregistreerdes, klaring van goedere ingevolge korting en boekhou van die ingevoerde goedere.
- [Klaringsverklaring eksterne beleid](#) maak voorsiening vir die indiening van doeane-klaringsverklarings (CCD) deur kortinggebruikers ingevolge Bylaag 3.

Watter vorms moet voltooi word om as kortinggebruiker te registreer?

Voltooi die vereiste aansoekvorm en toepaslike bylae. Dit is:

- [DA185 - Application form: Registration/Licensing of Customs and Excise Clients](#)
- [DA 185.4A3 - Registration Client Type 4A3 - Rebate User \(Schedules 3, 4 and 6\)](#)

Stuur alle stawende dokumente, soos gelys op die aansoekvorms, aan jou naaste [doeane-kantoor](#).

Die volgende bykomende stawende dokumente moet die aansoekvorm vergesel:

- Die ITAC-permit, indien vereis deur die kortingsitem
- Die ooreenkoms tussen die invoerder of uitvoerder en die vervaardiger, wat die volgende uiteen moet sit:
 - Die terme waarvolgens die vervaardiging of produksie onderneem sal word;
 - Die lewering; en
 - Die party wat verantwoordelik sal wees vir die vervaardigde of geproduseerde produkte.
- 'n Plan (nie noodwendig 'n bloudruk nie) van die perseel wat die presiese ligging van die voorgenome kortingstoor (bv. stoor, vaartuig, tenk en erf) aandui
- 'n Lys van aanleg en masjinerie.

4de Bylaag

Hierdie is algemene korting van heffings in Bylaag 1, deel 1, 2 en 5 van die tarief. Deel 5 is van toepassing op brandstofheffing-goedere. Die tarief spesifiseer die omvang van korting vir elke produk ingevolge hierdie bylaag. Die volgende is spesiale regeringsinisiatiewe ingevolge die 4de Bylaag:

Kortingsitem 470.03

Die voorsiening van kortingsitem 470.03 maak voorsiening vir 'n volle korting van doeane-heffing op ingevoerde goedere gespesifiseer in 'n ITAC-permit, d.i. die opskorting van doeane-heffing op goedere vir gebruik in die vervaardig, prosessering, afwerking, toerusting of pak van goedere uitsluitlik vir uitvoer. Dit maak ook voorsiening vir die klaring van goedere wat vry is van die verklaring van doeane-heffing, ingevolge daarvan.

Die uitwerking van die kortingsitem is dat dit uitvoerders help om die druk op hulle likiditeit te vermy deur die besteding van kapitaal ten opsigte van doeane- en ander toepaslike betaalbare heffings op die rou materiale of komponente ten tyde van invoer.

Kortingsitem 498.00

Kortingsitem 498.00 maak voorsiening vir die opskorting van doeane-heffing en Bylaag 1 tot die Wet op BTW maak voorsiening vir 'n vrystelling van belasting op toegevoegde waarde op goedere ingevoer ingevolge kortingsitem 498.00. Waar goedere gebruik word vir die vervaardig van produkte wat uitgevoer word, verstryk die aanspreeklikheid van die CCA-onderneming met bewys dat sodanige goedere uitgevoer is.

Sou vervaardigde goedere op die plaaslike mark verkoop word, sal die opgeskorte doeane-heffing en ander toepaslike heffings op die ingevoerde inhoud daarvan, betaalbaar word.

Kortingsitem 498.01 hou verband met die CCA-onderneming en kortingsitem 498.02 hou verband met die IDZ-operateur. Ingevolge kortingsitem 498.02 sal die IDZ-operateur geregtig wees om in te voer ingevolge die voorsienende goedere vir die konstruksie en onderhoud van die CCA in die IDZ. Jy kan ook verwys na IDZ's/SEZ's.